Palma

Die bulletin van die Historiese Bediening/Genootskap vir die Kerkversameling van die Moedergemeente Stellenbosch

Jaargang 1, Volume 1,
November 2004

Palma 1/2004

Redaksie

Nico Gey van Pittius
ngvp@sun.ac.za
Tel: 021 889 5054 (na ure)

Ode Krige
calvilla@iafrica.com
Tel: 021 8838445

Palma is `n publikasie van die Historiese Bediening / Genootskap vir die Kerkversameling van die Moedergemeente Stellenbosch, en word gratis versprei aan alle lidmate van die gemeente, sowel as aan enige belangstellendes. Kontak gerus die Redaksie indien u belang sou stel om die publikasie te ontvang.

Palma se visie is om die ryke geskiedenis van die gemeente wat oor meer as 300 jaar strek, te ontgin en beskikbaar te stel. Hierdeur wil die Historiese Bediening God eer vir Sy bemoeienis met Sy kerk en die gemeente oor al die eeue.

Die Redakteurs van ***Palma*** verwelkom enige bydraes wat op die geskiedenis van die Moedergemeente Stellenbosch betrekking het. Riglyne vir bydraes kan telefonies of per e-pos aangevra word.

Ons embleem

Hierdie is die amptelike embleem van die NG Gemeente Stellenbosch en verskyn die eerste keer op die seël wat in 1765 saam met die res van die kerksilwer deur die Kerkraad gekoop is. Die 200 gulde hiervoor is geskenk deur Martin Melck. Die randskrif is ontleen aan die Statevertaling van Psalm 92 vers 13. Die keuse van die teks en palmboom-embleem is waarskynlik afkomstig van die destydse predikant, ds. Appeldoorn. Die palmboom simboliseer 'n gemeente wat ondanks swaarkry en moeilikhede nietemin groei en bloei en na die oorwinning streef. Die naam van die bulletin is afgelei van “Palma Dei” wat beteken “die palm van God” en dui nie net op die gemeente van God nie, maar ook op die handpalm van God waarin Hy die gemeente koester en bewaar.

DIE HISTORIESE BEDIENING

Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het. Psalm 78 : 3 – 4.

'n Historiese bediening?..... Ja! Want die Here se genade is nie net vir vandag nie. Dit was ook vir gister en van altyd af daar – toe die eerste **kerkie op 19 Oktober 1687 in Stellenbosch ingewy is**, toe die klein gemeente dakloos gelaat is ná die **groot brand in 1710**, toe belangrike besluite oor kerkbou geneem moes word en met die ontvangs en afskeid van elke predikant. Dit was daar ten spyte van gemeentelede se jarelange gekibbel oor sitplekke in die kerk en ook toe die skip wat die **nuwe orrel Kaap toe moes bring, in 1857 gestrand het**.

Ja, dit was die Here se genade wat die gemeente oor meer as 300 jaar gedra het. Juis daarom is die **Genootskap vir die Kerkversameling** in 1999 gestig. Dit het tyd geword dat ons self verantwoordelikheid moet aanvaar vir die bewaring van ons ou dokumente, notules, doopinskrywings, huweliksregisters ens. Die Genootskap het dus 'n digitale kamera aangekoop waarmee elke bladsy van die ou notuleboeke tydsaam gefotografeer word, deur kundige persone getranskribeer, van aantekeninge voorsien, en op CD geplaas word. Die eerste uitgawe van hierdie CD-reeks word op Saterdag 13 November 2004 vrygestel en is reeds te koop.

Bo in die Kerkhuis is 'n *Genootskapskamer* ingerig waar 'n inventaris van dokumente opgestel word en waar items van belang geberg word.

Onder die orrel is die ruimte wat vir baie jare as stoorplek gebruik is, skoongemaak. Dit het 'n **verrassingspakkie van ou musiekboeke en dokumente opgelewer** waarvan niemand meer geweet het nie. Daardie ruimte word tans ingerig as die *Museum onder die Orrel*. Kaste word ingebou waarin verskeie items uitgestal gaan word, soos **'n stoel wat aan ds. Meent**

Borcherds behoort het, ‘n Tulbagh stoel uit stinkhout (nog in sy oorspronklike toestand met **matwerk wat verkleur het van die ou swart manelpakke!**), die een kollektesakkie wat nog oor is uit die tyd van die Kruiskerk, asook verskeie ou Bybels en bou-items. Verder is daar muurpanele wat 'n verskeidenheid onderwerpe belig, soos hoe Stellenbosch in die vroegste tye daar uitgesien het, hoe die gemeente gegroei en geestelik ontwaak het, en watter merkwaardige invloed daar vanuit Moedergemeente uitgegaan het op die gebied van kerkmusiek. 'n Vierde paneel wat die verskillende bedieninge en die visie van die gemeente sal uitbeeld, is nog in die beplanningstadium.

Wanneer die museum klaar is, moet dit nie net dien as inspirasie vir gemeentelede om met dankbaarheid die pad van God se genade te herken nie, maar moet dit ook vir toeriste ‘n beeld gee van ‘n lewende gemeente wat woeker en uitreik.

Daarom 'n vriendelike versoek : **Indien enige iemand enigiets besit – Bybels, briewe, foto’s, bulletins of spesiale blaadjies of enige ander voorwerpe – wat met die geskiedenis van Moedergemeente verband hou, kan dit by die kerkkantoor afgegee word vir aandag aan die Genootskap!**

Ode Krige

GRAFTE IN DIE KERKGEBOU

Hoeveel mense wat Sondae in die kerk sit is daarvan bewus dat daar grafte onder hulle voete is? Hulle weet dalk van die predikante wat voor die kansel begrawe lê – maar die héle kerk vol?

Ja, die hele kerk vol, want in die 18de eeu was daar geen vloerbedekking nie. Dit was net grond, en almal is daar begrawe. So het dit dikwels gebeur dat begrafnisgangers hier letterlik om die oop graf gesit het. Deur die jare is talle lidmate hier begrawe, maar uiteinde-

lik was daar nie meer as 100 grafte binne die kerkgebou nie. Volgens die grootte van die oppervlakte kon daar ook nie meer as dit inpas nie en dan het **hierdie grafte in elk geval elke deeltjie van die beskikbare vloerspasie in beslag geneem – onder die stoele deur tot agter die preekstoel verby!**

Op 'n dag het Martin Melck, die eggenoot van een van die lidmate, die nodige geld geskenk om die kaal grondvloer met Robbeneiland stene te bedek. Nadat die geld inbetaal is, het die **hele diakonie Elsenburg toe gegaan** om die skenker by sy huis te gaan bedank want dit was ongehoord dat die kerk so ‘n groot bydrae van ‘n privaat persoon ontvang. Die donkerblou leiklip sou pragtig gelyk het, maar ongelukkig kon die predikant nie van die klip in die hande kry nie en het hierdie projek doodgeloop. Martin Melck se voorstel was dat gebruiksvoorwerpe soos Nagmaalbekers met hierdie geld aangekoop moes word. **So is sy skenking aangewend om die kerksilwer (en ons pragtige doopvont!) uit Nederland te bestel.**

Die doopvont wat deel uitmaak van die kerksilwer wat in die plek van die leiklipvloer aangeskaf is.

Tien jaar later, in 1771, **het ouderling Johannes Conterman vrywillig stene aangebied, maar om een of ander rede is daar nie van sy aanbod gebruik gemaak nie** en so het nog dertig jaar verloop voordat die kerk (na 100 jaar!) ‘n behoorlike vloer gekry het. Die grondvloer was koud en ongemaklik en almal was dus ten gunste van die verbetering. Landdros Van der Riet en sy heemrade het egter gereken dat die paadjies van plank moes wees omdat dit meer duursaam was. Die voorstel is nie opgevolg nie en uiteindelik is daar besluit op Bosman-stene van Koopmanskloof. Die eienaar, PJ Bosman was diaken en sou die stene teen ‘n verminderde prys lewer, waarna die kerkraadslede moes help met die aanry daarvan.

Die insit van die vloer was nie sonder komplikasies nie. Nou sou niemand meer in die kerk begrawe kon word nie. Alhoewel dit nie dikwels meer gebeur het nie, was die *reg* op gebruik nog altyd daar. **Ds Borcherds plaas dus twee advertensies in die *Caapsche Courant* van Nov. 1806 met die versoek dat alle eienaars van grafte in die kerk vrywillig van hulle besitreg moes afstand doen.**

Ds Meent Borcherds

Vir elke graf binne, kon hulle gratis twee buite kry. Johannes Wege, sekretaris van die landdroskantoor en afslaer op Stellenbosch, was nie hiervoor te vinde nie. Sy vrou is kort tevore oorlede en in die kerk begrawe, en hy wou nie afstand doen van sy regte nie. Hy het van die kerkraad ‘n bewys ontvang wat hom die reg verleen om enige tyd die graf oop te maak. Dit het dan ook gebeur toe Wege se kind in Februarie 1810 oorlede is. Hierop het die landdros ‘n kwaai brief aan die kerkraad gerig en 'n verduideliking geëis hoekom daar weer iemand in die kerk begrawe is. Hierdie was dan ook die heel laaste begrafnis wat binne-in die kerk plaasgevind het.

(*Inligting uit Die Kerk van Stellenbosch deur AM Hugo en J van der Bijl.*)

Ode Krige

Die Eerste Huis in Stellenbosch

Die kolonie Stellenbosch is reeds in 1679 geproklameer deur Simon van der Stel, sodat daar teen die jaar 1685 reeds ongeveer veertien plase aan weerskante van die Eersterivier was. Dit het Jan Cornelisz Mostert se plaas **Mostertsdrift** ingesluit, sowel as Steven Botma se plaas **Welgevallen** en Dirk Coetsee se plaas **Coetsenburg** (wat albei tans aan die universiteit behoort), met nog ongeveer twaalf plase noord na Koelenhof en suid na Blaauwklippen. Douwe Steyn het die plaas **Oude Molen** gehad aan die voet van die **Hagelsberg (wat tans bekend staan as Papegaaiberg)**, en `n aantal **vrygelate slawe** het die plase in **Jonkershoek** besit – Manuel en Antonie van Angola, “Luie Jan” en Marquart van Ceylon, en Louis en Antonie van Bengale.

Niemand kon nog ooit daarin slaag om vas te stel waar die

eerste huis op die dorp gestaan het nie, maar die eienaar daarvan is wel bekend, naamlik Sybrand Mankadan.

Hy was `n afgesette predikant uit Friesland (uit die bediening geskors weens **'een langen treijn van menigvuldige dronkenschappen en andere grove misdrijven...'**) en was aangestel as skoolmeester van die boere se kinders, besoeker van die krankes, en **voorganger by die Sondagse godsdiensoefeninge!** Hy was dus in effek ook gedeeltelik die voorganger van ons gemeente se predikante! Weens die feit dat hy die enigste persoon in hierdie 'colonie' was wat nie `n boer was en nie `n plaas besit het nie, was Sybrand Mankadan noodwendig ook die eerste persoon wat `n huis in die latere dorp besit het.

(*Inligting uit Die Kerk van Stellenbosch deur AM Hugo en J van der Bijl.*)

Nico Gey van Pittius

`n Luisterryke geleentheid vir drie dopelinge - en hul nageslag

Die naweek van 12 tot 14 Oktober 1686 was vir die pas gestigte "Kolonie" van Stellenbosch 'n groot geleentheid.

Die Goewerneur Simon van der Stel, vergesel van sy seun, Lodewyk, ds Johannes Overney, luitenant Oloff Bergh en die Sekretaris van die Raad van Justisie, Melchior Kemels, het ná 'n reis oor De Kuylen en verby die steenmakery van Stellenbosch (waar die Goewerneur met sy amptenare 'n appeltjie te skil gehad het oor hul laksheid) aangekom by

“t’eylandeken” (die eilandtjie) waar hy weer sy tent opgeslaan het, soos sewe jaar tevore, toe hy besluit het om ‘n nedersetting hier te stig.

Hy sou Maandag, die 14de, sy 47ste verjaarsdag in die nuwe dorpie vier met parades, ens. te midde van groot geesdrif van die inwoners, ten spyte van die gure weer.

.

Hierdie verhaal gaan egter nie daaroor nie, maar oor wat die vorige dag, in soortgelyke weersomstandighede gebeur het, en meer spesifiek oor die drie kinders wat daardie dag gedoop is.

Op Sondag 13 Oktober 1686 is die eerste kerkdiens op Stellenbosch gehou. Dit word in die “Daghregister” as volg beskryf:

“D'E: Heer Commandeur sig ten huijse van seker vrijborger aan Stellenbosch begeven hebbende, hoorde aldaar d'eerste predicatie, dewelke door den Eerw. Johannes Overney onder een tamelijken toeloop van menschen tot een inleijding gedaan wierd, uijtleggende de woorden des propheten Esaia, Cap. 52 vers 7, werdende doenmaals mede door deselve in den name Christi gedoopt drie kinderen aldaar geboren”

Die betrokke teks lui in die destyds gebruikte Statevertaling as volg.

Hoe liefelijk zijn op de bergen de voeten des genen, die het goede boodschapt (werkwoord!), *die den vrede doet hooren, des genen die de goede boodschap brengt van het goede, die heil doet hooren: des genen die tot Zion zeit, Uw God is Koning.*



Uittreksel uit die Dagregister waarin die gebeure van die eerste kerkdiens op Stellenbosch op Sondag 13 Oktober 1686 beskryf word.

Die “Daghregister” gee nie besonderhede aan nie, maar die doopregister van die Kaapstadse gemeente dui aan dat ds Overney “aen Stellenbosch” op 13 Oktober 1686 die volgende drie kinders gedoop het:

> *Cornelia dogter van Fransois VILION en Cornelia KIENPINAERS* (sic)

Maria Cathrina dogter van Pieter LA FEBRE

Anna Catrina dogter van Nicolaes CLEEF

Ons weet nie of ds Overney dalk die laaste twee moeders se name vergeet het en of hul dalk (weens die slegte weer?) nie teenwoordig was nie.

Die lotgevalle van hierdie drie dopelinge het tot vandag betekenis vir ons Gemeentelede.

Cornelia (dogter van Francois **VILJOEN** van Clermont, Frankryk en Cornelia CAMPENAAR van Middelburg) is getroud met Hercules DU PREEZ , 'n wewenaar. Hercules was die tweede seun van Hercule DU PREEZ, die stamvader.

Cornelia VILJOEN is dus o.a. (d.w.s benewens haar vroulike nageslag) 'n voormoeder van 'n deel van die familie ***DU PREEZ***.

Maria Catharina (dogter van Pierre **LE FEBRE** van Fleurbaix and Maria de GRAAFF):

Maria Cathrina LE FEBRE is o.a. 'n voormoeder van dele van die families ***LE ROUX*** en ***OELOFSE*** asook van die hele families ***HAARHOF(F)*** en ***CRONJÉ***:

Sy is getroud met Gabriel LE ROUX, een van die twee broers onder drie stamvaders.

Sy is weer getroud met Jean ROI. Sy van het uitgesterf want hul het geen kleinseuns gehad nie.
Hul seun **Jan** se twee dogters, **Johanna** en **Maria Susanna**,

is met twee broers OELOFSE getroud.
Daar was ook ‘n dogter **Susanna** wat getroud is met Pierre CRONJÉ, enigste seun van die stamvader met nageslag.

Maria Catharina is ‘n derde keer getroud met Frans HAARHOFF, die stamvader.

Anna Catharina (dogter van Nicolaas **CLEEF** van Grozsalse and Barbara LE FEBRE van Fleurbaix) is getroud met Hans CONTERMAN(N). Die van Conterman het uitgesterf maar van hul dogters het nageslag gehad.

Anna Catharina CLEEFF was o.a. die voormoeder van die hele familie ***LA GRANGE*** en van ‘n deel van die familie ***LOUW***:

Die oudste dogter, **Johanna** was eers getroud met Andries GOU(W)S maar daar was blykbaar geen kinders nie.
Sy is weer getroud met Jan LA GRANGE, die stamvader se enigste seun en was dus effektief die stammoeder van hierdie familie.

Anna Maria, Anna Catharina se derde kind, is getroud met Nicolaas Louw, ‘n kleinkind van die stamvader en sy het o.a. die voormoeder van ‘n deel van hierdie familie geword.

Die kanse is dus baie goed dat u, wat nou hierdie Bulletin lees, van een of meer van hierdie drie dogtertjies afstam!

(*Aangepas uit ’n artikel van Lorna Newcomb in Capensis en aangevul*).

Ockert Malan

~~~
~~~